STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

**Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.**

8 APRIL 2018

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**

Wie is Jesus vir jou?

Lukas 24

**KOSPROJEK**

Insameling op 24 April. Gee asb. bydraes vir die kosprojek voor 24 April by die kerkkantoor af, of plaas op die witkas onder die trap in die voorportaal van die kerk.

**Geen deuroffer vandag**

## EREDIENSTE

| | | | 8 April | | 15 April | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 5 | Ds. Visagie | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Geen diens | - | Ds. Breytenbach | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Geen diens | - | Philipp Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Geen diens | - | Ds. Kotze | - |
| 19:00 | Kapel | Kruisdiens | Ds. Breytenbach | 11 | Ds. Visagie | 12 |

## HARTLIK WELKOM

Ons verwelkom Fritz Brand as die nuwe Bestuurder Administrasie van die gemeente. Fritz en sy gesin woon in Loevenstein. Hy was voorheen by die *Centre for Confict Resolution* werksaam. Sy kontakbesonderhede is 021 976 4519 / fritz@stellenberg.co.za

## BOKKEVELD KONTREIMARK

**Vrydag 20 April om 14:00**

Die Bokkevelders besoek ons weer vanjaar. Kom ondersteun asb. die gemeenskap van Op-die-berg-gemeente. Die produkte wat hulle saambring sal heelwat aangepas wees a.g.v. die ernstige droogte waaronder boere gebuk gaan. Hulle het nie groente om saam te bring nie, maar sal wel vrugte bring. Klaar etes met braaivleis en potjiekos (o.a. afval) sal verkoop word asook vars vleis.

# [ ONS GLO . . . ]

## VOORBIDDING

Johan Lamprecht, Raphaelsingel 2, is baie ernstig siek en in Durbanville Mediclinic. Sy vrou, Sonja vra dat lidmate hom assebief in hulle gebede opdra.

## KUIER BY VOSBURG GEMEENTE

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg-gemeente vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Ons beoog om Vosburg se jaarlikse basaar Saterdagoggend by te woon asook die kerkdiens op die Sondag. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

## KLOUTERKERK

Die volgende klouterkerk byeenkoms is op Sondag 6 Mei om 09:00 in die grootsaal. Ds. Marius Breytenbach sal die diens lei. Ouers met babas en kleuters is baie welkom by die lekker informele erediens. Bring die jongspan saam.

## IMAGINE JEUGFEES

Die Imagine Jeugfees is die afgelope naweek vir die Wes-Kaap aangebied. Ds. Peter Kotze, jeugleraar en verskeie jeugleiers en tieners van Stellenberg het aan die groot byeenkoms vir tieners deelgeneem.

## VATVYF GEEN UITSTAPPIE

Neem asb. kennis dat daar op Woensdag 11 April geen VatVyf-uitstappie sal wees nie. Hou die bulletin dop vir komende aktiwiteite.

## SAMARITAAN

Die elektroniese Samaritaan (April) is nou beskikbaar op www.stellenberg.co.za. Harde kopieë sal op 15 April by eredienste beskikbaar wees.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op Donderdag 12 April.

### RUYTERWACHT DIENSSENTRUM BASAAR

Vrydag 4 Mei. Die sentrum benodig bydraes vir hulle basaar - koekies, beskuit, koeldrank, eiers, lekkers, ens. sal baie waardeer word. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

### KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

### BREIGROEP

Ons kom weer op 9 April om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602. Bydraes van enige afvalwol sal waardeer word. Gee asb. by die kerkkantoor af.